# HOOFSTUK 5

## *DIE BURGERSKAPKWESSIE*

## 5.1 INLEIDING

In hoofstukke twee en vier is daar op die Statuut van Westminster en die Statuswette en die vertolking daarvan gefokus, terwyl daar in hierdie hoofstuk gekyk sal word na die uitwerking wat die burgerskapvraagstuk op Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie gehad het.

In hoofstuk drie is aangetoon hoedat daar in 1933 onenigheid in die geledere van die NP oor die wenslikheid van koalisie en samesmelting met die SAP ontstaan het.[1] Met die oog daarop om dié breuk in NP-geledere te heel, het daar sedert Februarie 1934 verskeie herenigingspogings tussen die Hoofbestuur van die NP in Kaapland en die Eerste Minister generaal J.B.M. Hertzog plaasgevind.[2] Hieruit blyk dit dat die Hoofbestuur duidelikheid aangaande sekere konstitusionele aangeleenthede van Hertzog verlang het. Hertzog moes onder meer die versekering gegee het dat die nuwe party daarna sou streef om binne redelike tyd enige konstitusionele ongelykheid wat nog bestaan het, te verwyder en dat dit onder andere beleid sou wees dat Goewerneurs-generaal in die toekoms uit burgers van die land gekies sou word, dat die reg op appèl na die Geheime Raad afgeskaf sou word en dat die Unie se Nasionaliteitswette met sy soewereine onafhanklike status in ooreenstemming gebring sou word.[3] Volgens die NP het dit beteken dat Suid-Afrikaners slegs Suid-Afrikaanse burgerskap moes besit.[4]

## 5.2 DIE BURGERSKAPKWESSIE

Dr. D.F. Malan, Minister van Binnelandse Sake, het op 11 Oktober 1932 op die Kaaplandse NP-kongres in Stellenbosch die kwessie van burgerskap te berde

1 INEG, Bloemfontein, Federale Raad van die Nasionale Party-versameling, PV 54, lêer 1: notule, 13 Okt. 1933.

2 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.482-490.

3 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., pp.431,432; vgl. ***Die Burger***, 16 Feb. 1934: berig.

4 G.D. Scholtz, ***Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner***, deel 7 ..., p.610.

gebring. Dubbele nasionaliteit was vir hom totaal teenstrydig met Suid-Afrika se onafhanklike status.[5] Hy het dit boonop as verdeelde trou teenoor Suid-Afrika beskou.[6]

In die geledere van die SAP was die koestering van Suid-Afrika se Britse konneksie gedurende 1932 duidelik waarneembaar. Smuts wou weet of Suid-Afrikaners hul Britse burgerskap gaan inboet.[7]

Hertzog het kort na die Smuts-toespraak 'n verklaring uitgereik oor die kwessie van dubbele burgerskap. Hy het enersyds die behoefte aan 'n duidelike omskrywing van Suid-Afrikaanse burgerskap erken. Andersyds was hy van mening dat Britse burgerskap die bevredigendste oplossing met betrekking tot sekere buitelandse aangeleenthede sou bied.[8]

Hierdie neutrale standpunt van Hertzog met betrekking tot burgerskap het daarop gedui dat sy prioriteite aangaande die Britse konneksie merkbaar van Malan se visie verskil het.

'n Invloedryke persoon wat sedert 1927 'n belangrike rol agter die politieke skerms in Suid-Afrika gespeel het, was dr. H.D.J. Bodenstein. Hy het met sy regskundige agtergrond, pro-NP-gesindheid en Assistent-hoofdirekteurskap van ***Die Burger***, sedert 1 Februarie 1920 gekwalifiseer om in 1927 tot Sekretaris van Buitelandse Sake in die Hertzog-regering benoem te word.

Bodenstein was tot in 1931 nou met die formulering van dominiumstatus en staatsregterlike kwessies binne die Britse Ryk betrokke. Sedertdien het hy 'n sleutelfiguur in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie geword. Hy was nie alleen die opsteller van die Statuswet nie, maar het ook 'n belangrike rol in die strukturering van die Seëlwet gespeel.[9]

Bodenstein het in 'n memorandum oor dubbele burgerskap wat hy op 21 Oktober 1932 opgestel het, aangetoon dat dubbele burgerskap 'n ongewenste toestand vir

5 *Die Burger*, 12 Okt. 1932: berig.

6 *Die Burger*, 3 Okt. 1932: berig.

7 *Die Burger*, 14 Okt. 1932: berig.

8 *Rand Daily Mail*, 21 Oct. 1932: report.

9 W.J. de Kock & D.W. Krüger (reds.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, pp.67-68.

die Unie van Suid-Afrika geskep het. In sy betoog het hy op vele belangekonflikte gewys wat uit 'n dubbele burgerskapsituasie voortgespruit het en het ontken dat die Unie met die Rykskonferensie van 1929 en 1930 homself daartoe verbind het om dubbele burgerskap te handhaaf. Bodenstein het tot die slotsom gekom dat tweeledige burgerskap nie in die belang van die Unie van Suid-Afrika is nie en derhalwe opgehef behoort te word.[10]

In reaksie op Malan se uitlatings het die ***Rand Daily Mail*** gemeen dat die Britse burgerskap soveel voordele vir Suid-Afrika ingehou het dat die skrapping daarvan 'n groot aantal Suid-Afrikaners ongelukkig sou maak.[11]

***Die Burger*** het Malan se siening gedeel dat daar aan die toestand van dubbele burgerskap 'n end gemaak moes word. Die redaksie het daarop gewys dat Suid-Afrikaners burgerskap van twee onafhanklike state, Brittanje en Suid-Afrika, besit het. Hierdie situasie was vir hulle onaanvaarbaar, want wat sou die gevolg wees indien die een in 'n oorlog betrokke geraak het, terwyl die ander land neutraal sou wees?[12]

***Die Burger*** het 'n jaar later, aan die einde van 1933, weer die kwessie van neutraliteit en dubbele burgerskap aangeroer. Volgens die blad was dit volkome in die mag van Suid-Afrikaners om deur hul Parlement die dubbele burgerskap te beëindig.[13]

In hierdie opsig het ***Die Burger*** se verwysing na Suid-Afrika as 'n onafhanklike staat en die soewereine mag van die Suid-Afrikaanse Parlement op die blad se doelbewuste beklemtoning van Suid-Afrika se status gedui.

Die bogenoemde uitlatings van Malan aangaande dubbele burgerskap het skerp reaksie uitgelok. Herbert Stanley, Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, het die burgerskapkwessie in die Unie só beskryf: "It is most important that the question of the continuance of the British nationality should have been chosen by Dr. Malan as the bone of contention for I fear that on this point the great bulk of nationalist

---

10 Carnegie-biblioteek, Universiteit van Stellenbosch (US), D.F. Malan-versameling, lêer F1/1/964: memo, tweeledige burgerskap in die Unie, opgestel deur H.D.J. Bodenstein, 21 Okt. 1932.

11 ***Rand Daily Mail***, 7 Nov. 1932: editorial.

12 ***Die Burger***, 11 Nov. 1932: hoofartikel.

13 ***Die Burger***, 11 Des. 1933: hoofartikel.

opinion will prove to be in accord with the attitude adopted by Dr. Malan, rather than with that of Genl. Hertzog and that the Prime Minister's hand may be forced by pressure from within his own party. It seems incredible that Dr. Malan would have enunciated his views so uncompromising in the face of the Prime Minister's expressed disapproval, if he had not felt assured of very adequate support and I am apprehensive of the ultimate outcome as affecting not only internal concord, but also the future position on the Union within the British Commonwealth."[14]

Stanley se bekommernis oor die invloed van 'n sterk nasionale beweging in Suid-Afrika ten gunste van sesessie van die Britse Gemenebes blyk duidelik uit hierdie *standpunt*. Sy afleiding dat Malan met die burgerskapkwessie die meeste steun van Nasionaliste geniet het en dat dit Suid-Afrika se Britse konneksie in die gevaar sou bring, was egter nie ongegrond nie.

In die lig van Hertzog se strewe om Afrikaans- en Engelssprekendes te versoen, moes Malan se uitlatings oor burgerskap vir Hertzog 'n ongemaklike situasie geskep het. Hoewel Hertzog begerig was om die burgerskapkwessie op te los, het Malan se houding nie binne Hertzog se raamwerk vir 'n oplossing daarvan gepas nie. Malan se optrede was vir Hertzog heeltemal onaanvaarbaar.

Malan se vertolking van die Statuut van Westminster het op die uitlewing van nasionale beginsels berus. Diegene wat van hom en sy volgelinge met betrekking tot die burgerskapkwessie verskil het, het die Statuut eerder as 'n waarborg vir die status quo beskou. Hierdie verskille het dus in wese oor die funksionering van die Britse Gemenebes van Nasies gehandel. Hertzog, Malan en hul volgelinge binne die NP het geglo dat dit uit 'n losse struktuur met die maksimum onafhanklikheid vir lidlande moes bestaan. Hierteenoor het Smuts en sy volgelinge geglo dat dit as 'n hegte eenheid binne die Britse Gemenebes moes funksioneer.

Verdeeldheid onder Suid-Afrikaners oor die burgerskapkwessie sou tydens die koalisie en samesmeltingsproses sterk op die voorgrond tree.

Dat daar onsekerheid by Hertzog oor die burgerskapkwessie bestaan het, was uit die voorafgaande uiteensetting duidelik. In 'n toespraak in die Paarl verklaar hy teen die einde van 1933 dat hy nog altyd onder die indruk was dat Suid-Afrikaners 'n enkele burgerskap besit het, maar as dit nie so was nie, dan lê die blaam by Malan wat as verantwoordelike Minister destyds die Nasionaliteitswet deur die Parlement

14 PRO, London, FO, 627/41U/DIG: letter from H. Stanley to J.H. Thomas, 9 Nov. 1932.

geloods het.[15] In die onderhandelinge wat in Februarie 1934 tussen Hertzog en die Hoofbestuur van die Kaaplandse NP plaasgevind het, het Hertzog weer te kenne gegee dat hy dit as vanselfsprekend aanvaar het dat Suid-Afrikaners slegs 'n Suid-Afrikaanse burgerskap besit het.[16]

Hy het aan Bodenstein opdrag gegee om, indien daar enige twyfel oor die burgerskapkwessie geheers het, die nodige Konsepwet op te stel om enige twyfel uit die weg te ruim.[17]

Hertzog en Malan het gevolglik in wese dieselfde strewe met die burgerskapkwessie gehad. Na afloop van die korrespondensie tussen Hertzog en die Kaaplandse NP het hy, Malan en die NP 'n gesamentlike verklaring uitgereik. Hy en Malan het ooreengekom dat die breuk oor vereniging herstel sou word.[18]

Hierdie ooreenkoms tussen Hertzog en Malan het nie by die SAP-ondersteuners byval gevind nie. Die algemene gevoel was dat Malan 'n oorwinning oor Hertzog behaal het. ***The Natal Mercury*** en ***The Cape Argus*** was van mening dat samesmelting in gevaar was.[19]

Generaal J.C. Smuts, leier van die SAP, was self onrustig oor die versoening wat tussen Hertzog en Malan ingetree het. Hy het op 16 Februarie vir Hertzog meegedeel dat daar ongelukkigheid in sy party geheers het oor die Hertzog-Erasmus-korrespondensie. Smuts het die volgende dag ook beswaar gemaak oor die prosedure vir die opstel van 'n basis vir 'n verenigde party. Hertzog het Smuts gerus gestel dat daar nie 'n ander prosedure vir die opstel van 'n basis bestaan het nie. Smuts was ook bekommerd dat Hertzog 'n wysiging ten opsigte van die burgerskapbeperkings wou aanbring wat daartoe sou lei dat algemene status van burgers in die gedrang sou kom.[20]

---

15 INEG, Bloemfontein, C.R. Swart-versameling, PV 18, lêer 3/1/12, Korrespondensie en telegramme, Okt. 1933 - Des. 1933: brief van J.G. Strijdom aan C.R. Swart, 21 Des. 1933; vgl. ***Die Vaderland***, 8 Des. 1933: berig.

16 ***Die Burger***, 16 Feb. 1934: berig.

17 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.483.

18 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.490.

19 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.492,493.

20 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., pp.494-496.

Op 18 Februarie het Hertzog en Smuts by Groote Schuur tot 'n vergelyk gekom. Hertzog het in dié verband 'n brief van Smuts aan die pers beskikbaar gestel. Daarna was die weg na samesmelting tussen die twee gebaan.[21]

Die vrees onder sekere Engelssprekendes dat hul algemene status sou verdwyn, het bly voortbestaan. Dit het onder andere op 18 Maart 1934 geblyk uit 'n brief van R.J.K. Russell, Redakteur van ***The Natal Mercury***, waarin hy sy kommer oor die Malan-groep se standpunt uitspreek dat Britse nasionaliteit en burgerskap in Suid-Afrika afgeskaf moes word.

In dié brief het hy vir Smuts daartoe aangespoor om sy invloed te gebruik om te verhoed dat Hertzog die term "Britse onderdaan" deur algemene status vervang. Smuts het aan sy Privaat Sekretaris opdrag gegee om die brief aan Russell terug te stuur.[22]

Russell wou met hierdie standpunt namens diegene wat die Britse konneksie sterk gekoester het, uitdrukking gee aan hul vrese dat bande met Brittanje besig was om te verslap.

Op 26 Januarie 1934, bykans twee maande voordat Russell aan Smuts oor die burgerskapkwessie geskryf het, het die Regering aangekondig dat hy wetgewing gaan indien om konstitusionele ongerymdhede uit die weg te ruim. Die besluite van die Rykskonferensies van 1926 en 1930 en die aanname van die Statuut van Westminster (1931) het meegebring dat die Unie se status as 'n sowerein onafhanklike staat in die praktyk erken is.[23]

Oswald Pirow, Minister van Spoorweë en Hawens, het namens die Regering as Artikel 6 van die Statuswetsontwerp voorgestel dat Artikel 26 van die Zuid-Afrika Wet gewysig word, sodat die woord ""Britse onderdaan" deur "Unieburgers" vervang word.

Die vervanging van Britse onderdaan deur Unieburger moes in die lig van die Rykskonferensiebesluite van Februarie 1931 gelees word. Hierdie besluite maak 'n duidelike onderskeid tussen algemene status en nasionaliteit. Aangesien die

21 J.H. le Roux & P.W. Coetzer, ***Die Nasionale Party***, deel 3 ..., p.497.

22 SAB, Pretoria, J.C. Smuts-versameling, A 1, Private dokumente (I-Z), band 237: brief van R.J.K. Russell aan J.C. Smuts, 18 Mrt. 1934, (sien ook Smuts se opdrag aan sy Privaat Sekretaris agter op die brief).

23 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Jan. 1934, kol. 5.

Grondwet slegs die algemene status van die Britse burgerskap uitgespel het, moet die Grondwet gewysig word.[24] Daarmee was die weg vir die infasering van nasionaliteit in die Grondwet gebaan.

Hierdie Wetsontwerp het uiteenlopende reaksies uitgelok. Daar was diegene wat nie in die eerste plek vir 'n politieke assosiasie in Ontwerpartikel 6 te vinde was nie. Hierdie groep, wat dus in 'n sekere sin neutraal gestaan het,[25] het nie gedink dat die Regering enige verandering ten opsigte van die burgerskapstatus met die Artikel beplan het nie. Patrick Duncan, die Minister van Mynwese, het geglo dat Artikel 6 nie op Unieburgerskap of op Britse onderdaanskap van enige Suid-Afrikaner inbreuk gemaak het nie.[26] Hierby het nog 'n minister, J.H. Hofmeyr (Binnelandse Sake), hom aangesluit. Hy was van mening dat die Regering geensins van plan was om die meerdere aansien van Suid-Afrika se status te laat vaar nie.[27]

Tweedens was daar Nasionaliste, soos onder andere C.R. Swart, NP-LV vir Ladybrand, F.C. Erasmus, NP-LV vir Moorreesburg en Voorsitter van die NP in Kaapland, en N.J. van der Merwe, NP-LV vir Winburg, wat in die weglating van die woorde Britse onderdaanskap en die plasing van die woord Unieburgerskap nog 'n geleentheid vir die verslapping van die Britse konneksie gesien het.[28]

Swart het veral kapsie gemaak teen diegene wat gemeen het dat hulle in die eerste plek Britse onderdane en toevallig ook Unieburgers was.[29] Volgens Erasmus het hierdie Artikel "die dood van die idee van dubbele nasionaliteit in Suid-Afrika" beteken. Hy wou as Suid-Afrikaner niks met die Britse onderdaanskap te doene hê nie.[30] Van der Merwe het gesê dat Suid-Afrikaners slegs 'n Suid-Afrikaanse

---

24 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 28 Mrt. 1934, kol. 2061, {Pirow het die Wetsontwerp ingedien aangesien Hertzog aan 'n keelaandoening gely het}; vgl. C.M. van den Heever, ***Generaal J.B.M. Hertzog***, p.621.

25 Kyk hoofstuk 4, pp.99-101.

26 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2112.

27 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2146.

28 Kyk hoofstuk 4, pp.98,99.

29 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 25 Apr. 1934, kol. 2984.

30 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2955-2957.

nasionaliteit kon besit.[31] Dit is interessant dat Van der Merwe nie soos Malan geglo het dat daar 'n dubbele nasionaliteit in die Unie bestaan het nie.

Derdens was daar 'n groepie wat baie bekommerd was oor die moontlikheid dat die term Britse onderdaan dalk kon verdwyn. Hulle was dus uiteraard ongelukkig met die voorgestelde Artikel.[32]

C.F. Stallard het die hoop uitgespreek dat Britse onderdaanskap nie deur Britse burgerskap vervang sou word nie. Volgens Stallard het "Britse onderdaan" 'n persoon beteken wat trou aan die Koning verskuldig was. Stallard het erken dat hy nie die betekenis van Britse burgerskap geken het nie, aangesien dit volgens hom nooit omskryf was nie.[33] J.S. Marwick, SAP-LV vir Illovo, het verwys na Hertzog se voorneme om die Nasionaliteitswette te verander sodat daar net 'n enkele Suid-Afrikaanse burgerskap sou bestaan.[34] Volgens hom was dit voor die hand liggend dat die posisie van Britse onderdaanskap deur die Wetsontwerp aangetas is.[35] Marwick het gevolglik voorgestel dat Artikel 6 verwerp word. Aangesien daar volgens hom baie Suid-Afrikaners was wat hul Britse onderdaanskap hoog geag het en dit "een van die trotste titels is wat enige persoon kan dra", moes die Artikel beveg word.[36]

Op 5 April, enkele weke voordat Marwick se besware teen Artikel 6 in die Parlement ingedien is, het 'n klompie beswaarde Engelssprekendes in Oos-Londen saamgetrek om hul misnoeë met die Statuswetsontwerpe te kenne te gee. Onder hulle was A.C.V. Baines, SAP-LV vir King Williamstown, wat 'n baie sterk gevoel vir die behoud van die Britse konneksie gehad het. Hy het verklaar dat indien die Statuswetsontwerp "my van 'n titel of jota van my Britse onderdaanskap beroof of die band in enige opsig tussen Engeland en Suid-Afrika verswak, sal ek daarteen stem".[37]

---

31 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2126.

32 Kyk hoofstuk 4, pp.101-105.

33 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 9 Apr. 1934, kol. 2095,2096.

34 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 11 Apr. 1934, kol. 2308.

35 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 11 Apr. 1934, kol. 2309.

36 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2938.

37 ***Die Burger***, 6 Apr. 1934: berig.

Op 24 April het Pirow sy voorneme bekend gemaak om Artikel 6 te skrap ten einde 'n ander Artikel in die plek daarvan te stel.[38] 'n Paar Nasionaliste het Pirow se aankondiging betreur. C.R. Swart het beswaar gemaak teen Pirow se plan om Artikel 6 van die Statuswetsontwerp te wysig "om sekere mense tegemoet te kom wat die woorde 'British subject' nog daarin wil hê".[39] Adv. J.G. Strijdom, NP-LV vir Waterberg, het vir Swart gesteun. Hy was ewe-eens teen die amendement gekant, aangesien dit volgens hom te omslagtig was en veral omdat dit Britse onderdaanskap wou bevestig. Eerder as om 'n geskikte oplossing te bied, het die Artikel bygedra tot die verwarring wat daar rondom die burgerskapkwessie bestaan het.[40]

C.W.M. du Toit, NP-LV vir Colesberg, was ook teleurgesteld oor die amendement van Pirow, aangesien sy oorspronklike voorstel 'n enkele burgerskap sou meebring.[41] P.O. Sauer, NP-LV vir Victoria-Wes, het die stap van Pirow as 'n toegewing aan die sentiment van 'n uiterste seksie bestempel. Volgens hom was die oorspronklike Artikel 6 goed, terwyl die nuwe een net verwarring in die hand gewerk het.[42]

Nadat Marwick se voorstel tot stemming gebring en verwerp is[43], het Pirow 'n amendement daarop voorgestel, naamlik: "Artikels 26 en 44 van die Suid-Afrika Wet word hierby gewysig soos aangegee in die Engelse teks waarvan die Afrikaanse teks as volg lui: 'n persoon van Europese afstamming wat Unienasionaliteit besit deur (i) geboorte of (ii) domisilie as 'n Britse onderdaan of (iii) naturalisasie of andersins onder Wet 40 van 1927 of onder Wet 14 van 1932."[44] Hierdie voorstel van Pirow is aangeneem.[45]

---

38 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2941.

39 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2949.

40 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2960,2963.

41 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2967.

42 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2970.

43 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2971.

44 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2972.

45 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 24 Apr. 1934, kol. 2979.

Die Regering se optrede in verband met Artikel 6 moet in die lig van hul strewe na eenheid tussen die NP en die SAP beoordeel word.

Volgens die Nasionaliste wat heftig teen Pirow te velde getrek het, is die wysiging teweeggebring deur die besware van die voorstanders vir die behoud van die Britse konneksie. Die amendement van Pirow het hom die onguns van Nasionaliste op die hals gehaal.

Die aanname van die nuwe Artikel 6 het alles behalwe die konstitusionele twis rondom die burgerskapkwessie beëindig. Dit sou veel eerder vir Nasionaliste as aansporing dien om opnuut 'n aanslag op die Unie se dualistiese burgerskapposisie te maak.

In aansluiting by Nasionaliste se besware teen dubbele nasionaliteit, het Malan tydens en na die 1934-Parlementsitting onverpoosd voortgegaan om in sy openbare toesprake die onhoudbaarheid van 'n dubbele nasionaliteit vir Suid-Afrikaners aan te dui. Daarteenoor was sy politieke teenstanders net so ywerig om Britse onderdaanskap as status vir Suid-Afrikaners behoue te laat bly. Malan het op 8 Maart 1934 op Stellenbosch, tweeledige burgerskap as 'n onding bestempel. Volgens hom het elke land sy eie burgerskap en 'n mens kon nie twee here dien nie.[46] Malan het sy standpunt bevestig toe hy op 8 September 1934 op Magalieskraal gesê het dat Suid-Afrikaners slegs 'n Suid-Afrikaanse burgerskap nagestreef het.[47]

Hierteenoor het Smuts op 3 Julie 1934 sy toehoorders in Port Elizabeth verseker dat Britse onderdaanskap hul grootste besitting was en dat die Regering geensins van plan was om dit af te skaf nie.[48]

Karel Bremer, NP-LV vir Graaff-Reinet, het teen die einde van Oktober in 'n toespraak op Stellenbosch Smuts se beskouing oor Britse onderdaanskap as Suid-Afrikaners se grootste besitting teëgespreek. Hy wou van sy toehoorders weet of hulle dit eens was met so 'n growwe belediging vir hulle onafhanklikheid.[49] Enkele weke later het Bremer by die NP-tak Oudemolen daarop gewys dat die grootste deel

46 *Die Burger*, 9 Mrt. 1934: berig.

47 *Die Burger*, 9 Mrt. 1934: berig.

48 *Die Burger*, 4 Jul. 1934: berig.

49 *Die Burger*, 29 Okt. 1934: berig.

van die nuutgestigte VP hul eie vertolking aan die Statuswette en burgerskap gegee het.[50]

Vir baie Nasionaliste het Suid-Afrika se onafhanklike status 'n papierstatus gebly. Volgens wet het dit onafhanklikheid beteken, maar in praktyk het Suid-Afrikaners se Britse onderdaanskap die Britse konneksie bevestig. ***Die Burger*** het die mening gehuldig. Die Redakteur het aan die einde van 1934, in een van sy hoofartikels, die klem op die belangrike vraagstuk in Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie laat val. Hy het gevra of Suid-Afrika volkome vry was en of die volk van Suid-Afrika sy onafhanklikheid aanvaar en erken het? Hy het verskeie argumente aangevoer om te bewys dat die burgers van Suid-Afrika nog steeds Britse onderdane was. Vreemdelinge moes volgens die blad ook eers onderdaanskap besit alvorens hulle as Suid-Afrikaanse burgers gereken kon word.[51]

Die dagblad was daarom van mening dat die Regering moreel verplig was om sonder enige vertraging wetgewing in te dien om die bestaande ongerymdhede ten opsigte van nasionaliteit uit die weg te ruim.[52] Nadat Hertzog in Februarie 1934 tydens sy onderhandeling met Malan en die Kaapse Nasionale Party se Hoofbestuur in wese daarmee eens was dat dubbele nasionaliteit 'n ongerymdheid was, het hy reeds 'n verwagting geskep dat die Regering deur middel van wetgewing tog iets daaraan sou doen.

Die belangrikheid van sodanige wetgewing het die NP se Volksraadslid vir Swellendam, H.A. Fagan, genoop om reeds op 24 April 1934 in 'n toespraak die saak só aan te roer: "As daar een ding is waarom 'n soewereine onafhanklike staat veral, en wie se status in die buiteland nog so dikwels sleg begryp word, nie 'n toestand van verwarring kan gedoog nie, dan is dit sekerlik sy Nasionaliteitswette."[53]

Aangesien Nasionaliste in die 1934-sitting die oorspronklike Artikel 6 van die Statuswetsontwerp sien ondergaan het, kon dit verwag word dat hulle voor die

---

50 ***Die Burger***, 12 Des. 1934: berig.

51 ***Die Burger***, 7 Nov. 1934: berig.

52 ***Die Burger***, 7 Jan. 1934: berig.

53 ***Die Burger***, 7 Jan. 1934: berig.

1935-Parlementsitting weer daarop sou aandring dat wetgewing oor nasionaliteit ingedien sou word.

Daar was juis voor die Parlementsitting van 1935 opnuut bespiegelinge of die Regering wel van plan was om wetgewing in te dien ten einde ongerymdhede met betrekking tot die land se Nasionaliteitswette uit die weg te ruim.

Soos reeds vermeld het die NP en die SAP teen die einde van 1934 saamgesmelt en die VP op 5 Desember 1934 gevorm.[54] Met betrekking tot die burgerskapkwessie was hierdie party as die regerende party van meet af onder groot druk. Enersyds het Nasionaliste by die Regering aangedring om deur wetgewing aan hul wense te voldoen, andersyds was lede van die Dominiumparty vasbeslote om die status van Britse onderdane te beskerm.[55]

Die Regering se optrede was duidelik daarop gemik om die gemoedere van ontevrede Engelssprekendes te kalmeer. Vandaar die verklaring dat die Regering nie enige voorneme gehad het om die sogenaamde algemene burgerskapstatus, 'n term wat in algemene gebruik was om "Britse onderdaan" en "Britse nasionaliteit" aan te dui, weg te neem nie. Die verklaring het verder gelui: "Sodra enige persoon as lid van die Verenigde Koninkryk die land inkom en hom sodanig met ons vereenselwig dat hy lid word van die outonome gemeenskap in die Unie van Suid-Afrika, 'n Unieburger, die Unieregering hom nie, onderwyl hy in die Unie vertoef, vir enige wetgewingsdoeleindes en Ryksverhoudings kan beskou in enige ander lig as die van 'n Unieburger en 'n Unie-onderdaan van die Koning nie."[56]

Op 'n vergadering van die Dominiumparty wat op 23 Januarie 1935 in die stadsaal van Kaapstad gehou is, is daar skerp protes teen enige poging uitgespreek om Britse onderdane in die Unie van hul nasionaliteit te beroof. Stallard en sy kollegas is versoek om hul teenkanting daarteen voort te sit.[57] Ten einde hierdie spanning te verlig, het daar aan die begin van 1935 'n reeks onderhandelinge tussen die Regering en die Dominiumparty oor die burgerskapkwessie ontstaan.

---

54 Kyk hoofstuk 3, p.95.

55 INEG, Bloemfontein, Pamfletversameling, PV 193, P24.18: beginsels van die Dominiumparty van Suid-Afrika, 31 Okt. 1934.

56 ***Die Burger***, 12 Feb. 1935: berig.

57 A.J. Fick, ***Die Dominiumparty van Suid-Afrika, 1934-1948*** (ongep. D.Litt.-proefskrif, UNISA, 1980), p.338.

Die Dominiumparty het glad nie met die Regering se verklaring saamgestem nie. Hulle het dit as 'n skending van die regte van Britse onderdane beskou wat binne of buite die Unie gebore is en het daarteen beswaar gemaak.[58]

Met die verklaring van die gemeenskaplike status het die Dominiumparty ook 'n probleem gehad. Die implikasie van die Regering se standpunt, naamlik dat 'n besitter van die gedeelde status nooit as 'n Britse onderdaan beskryf word nie, was vir die party heeltemal onaanvaarbaar. Die Dominiumparty het van die standpunt uitgegaan dat persone wat in die Unie gebore word, trou aan die Koning verskuldig is en daarom in die eerste plek Britse onderdane was. Die verklaring van die Regering waarna verwys is, is deur die Dominiumparty verwerp.

Dit was onaanvaarbaar dat die Regering die bepalings van die Uniewet van 1926, waarin hulle as Britse onderdane beskryf word, geïgnoreer het.[59] Hierdie status kon hulle nie ontneem word nie.

Hierdie botsende standpunte van die Regering en die Dominiumparty het herinneringe van die Hertzog-Botha-stryd weer helder opgeroep: Hertzog, met sy **Suid-Afrika Eerste**-standpunt waarom die NP Suid-Afrika se vrye assosiasie-verhouding met die Britse Ryk gebou het, en Botha daarteenoor met sy **Eer en Plig**-beskouing, waarmee hy Suid-Afrika se Britse konneksie wou regverdig.

***Die Burger*** het op 18 Februarie 1935 daarop gewys dat die dubbele burgerskap van die Unie vir 'n onafhanklike land 'n onhoudbare toestand geskep het. Die term "Britse onderdaan" het volgens die blad 'n dubbele betekenis gehad. Vir 'n Unieburger het dit beteken dat hy 'n onderdaan van koning George V van Engeland was, terwyl dit in die Verenigde Koninkryk van Brittanje trou aan die Koning beteken het. Die blad het daarop gewys dat die toestand so verwarrend was dat buitelanders dit beswaarlik sou verstaan. Daarom het ***Die Burger*** gevra of die Regering handelend gaan optree.[60]

Soos ***Die Burger*** het ***The Natal Witness*** ook daarop gewys dat Suid-Afrikaners oor 'n dubbele nasionaliteit beskik het. Volgens die koerant is die verwarring rondom die burgerskapkwessie grootliks te wyte aan die feit dat daar nog nie 'n geskikte

---

58 INCH, Bloemfontein, Pamphlet Collection, PV 193, P27.19: letter from the Secretary of Dominion Party to the Editor of ***The Star***, 2 Feb. 1935; vgl. ***Die Burger***, 14 Feb. 1935: berig.

59 A.J. Fick, ***Die Dominiumparty van Suid-Afrika*** ..., pp.340,341.

60 ***Die Burger***, 18 Feb. 1935: hoofartikel.

beskrywing vir Britse onderdaan gevind kon word nie.[61] Die blad het in sy soeke na 'n geskikte definisie vir 'n Britse onderdaan ook die term Imperialis genoem, maar dit in dieselfde asem, onder andere vanweë die politieke konnotasie daarvan, verwerp.[62] Hoewel ***The Natal Witness*** dus in ***Die Burger*** se kommer oor die verwarring rondom die term Britse onderdaan gedeel het, was hy anders as ***Die Burger*** geensins daaroor begaan dat dubbele nasionaliteit steeds op die Suid-Afrikaanse politieke toneel te vinde was nie.

Hertzog het nie te lank geneem voordat hy hierdie kontensieuse vraagstuk oor dubbele burgerskap bespreek het nie. Op 26 Februarie 1935 het hy in die Volksraad verklaar dat geen beginselveranderings nodig was nie, "aangesien daar niks is in ons eie Nasionaliteitswette wat in beginsel onverenigbaar is met ons soewerein onafhanklike status nie".[63]

Hertzog se standpunt oor die burgerskapkwessie moet gelees word in die lig van sy strewe om Afrikaans- en Engelssprekendes te versoen. Hertzog kon dit nie bekostig om sy nuutgevonde politieke vennote die harnas in te jaag deur sensitiewe sake soos dié aan te roer nie. Sy uitspraak was dus in 'n mate voorspelbaar.

Malan het op 9 Maart 1935 op Wellington gesê dat as 'n onafhanklike land soos Suid-Afrika 'n dubbele burgerskap gehad het en nie eers 'n onafhanklike staatshuishouding mag hê nie, dan was sy onafhanklikheid 'n bespotting.[64]

Hertzog en Smuts het op 13 Maart 1935 'n gesamentlike openbare vergadering in Kaapstad gehou om onduidelikheid oor die burgerskapkwessie uit die weg te ruim. Smuts het onder meer Hertzog se verklaring rakende die Nasionaliteitswette gesteun.[65] Smuts het tydens die sirkelkonferensie van die VP in Oos-Londen gesê dat Unieburgerskap op Britse burgerskap berus het. Die status van Suid-Afrikaners as Britse onderdane het volgens Smuts nie verander nie.[66] As daar teen Maart 1935 nog VP-ondersteuners was wat vrese gekoester het dat hul Britse

---

61 ***The Natal Witness***, 18 Mar. 1935: editorial.

62 ***The Natal Witness***, 18 Mar. 1935: editorial.

63 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 26 Feb. 1935, kol. 2189.

64 ***Die Burger***, 11 Mrt. 1935: berig.

65 ***Die Burger***, 13 Mrt. 1935: berig.

66 ***Eastern Province Herald***, 23 Mar. 1935: report.

onderdaanskap afgeskaf sou word, het Smuts se toespraak op 21 Maart sekerlik vir dié ondersteuners gemoedsrus gebring.

Volgens Smuts het staatsburgers slegs Unieburgers beteken. Daar was dus geensins rede vir die Dominiumparty om aan staatsburgers 'n nasionale konnotasie te heg nie. Om sy standpunt verder te versterk, het Smuts dit beklemtoon dat die term Britse onderdaan voorrang bo Unieburger moes kry. Daarmee het Smuts die skynfront van eenheid wat hy en Hertzog in Kaapstad aan die VP wou verleen, aan die kaak gestel. Hertzog is enkele maande nadat hy en Smuts die VP gevorm het, met Smuts se "Suid-Afrika tweede-houding" gekonfronteer. Hertzog sou hoe langer hoe meer vind dat Smuts die begrip **Suid-Afrika Eerste** slegs in teorie aanvaar het.

Smuts se standpunt het daarop gedui dat hy die Britse konneksie sterk gepropageer het. Hierdie propaganda van Smuts was 'n oorwinning vir Ryksgesindes wat Suid-Afrika se ontvoogding van die Britse konneksie aan bande wou lê.

J.H. Hofmeyr, Minister van Binnelandse Sake, het op 13 Februarie 1935 in Seepunt op 'n vergadering van die VP onder andere die kwessie van nasionaliteit bespreek. Hy het daarop gewys dat die gemeenskaplike status gebaseer was op gemene trou aan die Koning. Dit kon slegs verander na konsultasie tussen lede van die Gemenebes. Hy het dit benadruk dat die Unie hom berus by die besluite van die 1930-konferensie en geen verandering aan sy Nasionaliteitswette sou aanbring alvorens hy ander lede van die Britse Gemenebes geraadpleeg het nie.[67]

Hierdie rondtrappery in Regeringskringe om lig te probeer werp op die term "Britse onderdaan" het veroorsaak dat daar selfs kommentaar uit die Departement van Buitelandse Sake gekom het. 'n Sekere J.H. Cleobury het verklaar dat Hofmeyr se bydrae 'n goeie poging was om die hele burgerskapkwessie in die reine te bring. Britse onderdane was slegs die onderdane van die Britse Koning en het verwys na die burgers van die Britse Gemenebes van Nasies. Om die verwarring uit die weg te ruim, moes die tweeledige gebruik van "Britse onderdaan" en "Britse nasionaliteit" afgeskaf word.[68]

---

67 *The Star*, 13 Feb. 1935: report.

68 PRO, London, FO, 372/3098/T, file 4471, Dominion intelligence: commentary of the Foreign Office on Hofmeyr speech, 13 Mar. 1935.

Die indruk dat inwoners van Gemenebeslande onderdane van Brittanje was, moes dus uitgewis word. Dit was juis dit wat Nasionaliste ongelukkig gestem het. Daarmee het die Ministerie van Buitelandse Sake die spyker op die kop geslaan.

Voor die Rykskonferensie van 1937 het die burgerskapkwessie weer sterk na vore getree. Diegene wat uitgesien het na die verwydering van die dubbele burgerskapstatus uit die politieke woordeskat van die Unie van Suid-Afrika het daarom die hoop gekoester dat Hertzog by die Rykskonferensie iets sou vermag. By Stallard en almal wat die term Britse onderdaan as 'n kosbare skakel in die Britse konneksie beskou het, was daar 'n merkbare teken van vrees dat Hertzog aan hul Britse onderdaanskap sou gaan torring.

Hertzog was deeglik bewus van die feit dat die term "Britse onderdaanskap" in die reine gebring moes word. Hy het op 6 April 1937 in die Volksraad verklaar dat die gebruik van die term "Britse onderdaanskap" in die Unie se wetgewing ongelukkig was. Britse onderdaanskap moes 'n vaste definisie verkry en die hele kwessie van gedeelde status behoort by die volgende Rykskonferensie uitgeklaar te word.[69]

Hoewel ***The Natal Mercury*** Hertzog se uitspraak met groot omsigtigheid benader het, het die blad nogtans sy verklaring as 'n besliste en ondubbelsinnige versekering van 'n saak wat vir elke Engelssprekende Suid-Afrikaner van fundamentele belang was, aanvaar. Die blad het die hoop uitgespreek dat Hertzog nie onder druk die verkeerde besluit sou neem nie.[70]

Selfs die Burgemeester van Johannesburg het dit gerade geag om namens Johannesburgers Hertzog van advies te bedien oor die wyse waarop hy met betrekking tot die burgerskapkwessie by die Rykskonferensie moes optree. In 'n telegram op 4 Mei 1937 het hy dit só gestel: "Generaal Hertzog, die inwoners van Johannesburg voel besorg oor enige voorstel wat bespreek kan word op die Rykskonferensie met die doel om die benaming Britse onderdaan af te skaf. Hulle sê dat hulle ten sterkste daarteen gekant is om enige voorstel om die Nasionaliteitswette van die Britse Statebond in dier voege te verander, te ondersteun." Dit was egter nie al nie. Die Burgemeester meld verder dat hy 'n versoekskrif ontvang het waarin burgers van Johannesburg hom versoek om 'n protesvergadering te reël. Hertzog is later in kennis gestel dat die vergadering in

69 Unie van Suid-Afrika, ***Debatte van die Volksraad***, 6 Apr. 1937, kol. 4373-4375.

70 ***The Natal Mercury***, 6 Feb. 1937: editorial.

Johannesburg sy verklaring op 6 April 1937 in die Parlement verwerp het. Die vergadering van Johannesburgers het ook met die grootste nadruk verklaar dat hulle met behulp van alle wettige middels enige vermindering van hul voorregte, regte en beskerming in alle dele van die wêreld wat hulle geniet, sou beveg.[71]

Hierdie uitspraak van Hertzog het verder ***The Natal Mercury*** oortuig dat Hertzog onder druk van die Nasionaliste by die Rykskonferensie sou aandring op 'n ander woordomskrywing in die plek van "Britse onderdaan". Die blad was oortuig daarvan dat die uitspraak van Hertzog slegs 'n bedekte plan was om deur 'n internasionale forum Suid-Afrika se soewereine onafhanklike status te beklemtoon.[72]

Volgens ***The Natal Mercury*** was Hertzog en Malan met betrekking tot die burgerskapkwessie kop in een mus, omdat beide ewe begerig was om dubbele burgerskap te beëindig. Volgens die blad was Hertzog se houding deel van Nasionaliste se ou subtiele plan om die Nasionaliteitswette in ooreenstemming met soewereine onafhanklikheid te bring. Die koerant was van mening dat Engelssprekendes nie bereid was om van hul Britse status afstand te doen nie. Afskaffing van die Britse onderdaanskap sou, volgens die blad, die weg open vir die totstandbrenging van 'n Republiek wat hom van die Britse Gemenebes van Nasies kon afskei.[73]

Hierdie debat het Hertzog genoop om van die Rykskonferensie 'n skriftelike verklaring oor die term Britse onderdaan te vra, aangesien dit volgens hom noodsaaklik was om misverstand daaromtrent in Suid-Afrika uit die weg te ruim. Hy het gevolglik in 'n memorandum oor die nasionaliteitsvraagstuk aan die Rykskonferensie die volgende twee sake oorgedra:

"a) the desirability of each member passing its own nationality laws on such a basis as to eliminate, as far as possible, cases of double nationality in the Commonwealth.

b) the desirability of obtaining clarity in regard to the relationship between common status and nationality of each state member of the Commonwealth, the rights and duties of each member in respect of persons possessing common status, and about

---

71 ***Die Burger***, 5 Mei 1937: berig.

72 ***The Natal Mercury***, 8 Apr. 1937: editorial.

73 ***The Natal Mercury***, 8 Apr. 1937: editorial.

the use of the term 'British subject' in legislation of members of the Commonwealth".[74]

Hertzog se versoek is egter geweier. Na die oordeel van die konferensie het Britse onderdaan bloot verwys na alle onderdane van die Koning en nie na onderdane van Brittanje nie. 'n Verklaring daaroor was dus onnodig. Die Rykskonferensie van 1937 het wel aanbeveel dat 'n lidland van die Britse Gemenebes wat dit oorweeg het om lidmaatskap van sy besondere gemeenskap op 'n wetlike grondslag te omskryf, die voorgestelde voorskrifte aan ander lede moes voorlê sodat hulle opmerkings daaroor kon maak.[75]

Na die Rykskonferensie was daar nog steeds, met betrekking tot die burgerskapkwessie, 'n toestand van verwarring en onsekerheid.

***Die Burger*** het daarop gewys dat dubbele burgerskap in die Britse Gemenebes nog bestaan. Die term, Britse onderdaan, wat die gemeenskaplike status aandui, het nog onaangetas gebly. Dit alles het vir die blad daarop gedui dat lede van die Britse Gemenebes nog steeds Britse onderdane was.[76] Volgens die blad het die feit dat "Britse onderdaan" in twee verskillende betekenisse gebruik word, meegebring dat verwarring oor die kwessie voortgeduur het.

Die Departement van Buitelandse Sake wys daarop dat diegene in Natal wat geglo het dat Hertzog se doelstelling by die Rykskonferensie sou wees om Britse onderdaanskap aan Verenigde Koninkryk-burgerskap te koppel, nie ver van die waarheid was nie.[77] Die Dominiumparty was egter nog nie tevrede nie. Ondanks die feit dat die verklaring van die Rykskonferensie vir die Departement van Buitelandse Sake hoogs bevredigend was, was daar egter steeds die moontlikheid dat Hertzog tog die een of ander metode sou vind om die status van Britse onderdane in die Unie te verander.[78]

---

74 A.J. Fick, ***Die Dominiumparty van Suid-Afrika*** ..., pp.340,341.

75 ***The Star***, 12 Jun. 1937: report; vgl. D.O. Rhoodie, ***Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot*** ..., p.231.

76 ***Die Burger***, 12 Jun. 1937: hoofartikel.

77 PRO, London, FO, 372/3203/T, file 15785, Dominion intelligence: commentary on Hertzog's speech in Pretoria, 2 Oct. 1937.

78 PRO, London, FO, 372/3203/T, file 15785: letter from W. Clark to M. MacDonald in the Dominion Office, 11 Oct. 1937.

Na die Rykskonferensie was Nasionaliste steeds begerig om dubbele burgerskap uit die weg te ruim. W.H. Clark, Britse Hoë Kommissaris, het hierdie houding soos volg vertolk: "The Nationalist Party, including Dr. Bodenstein, are anxious to avoid double nationality by which they mean of course that it is their wish that no person who possesses Union nationality should also possess any other including British nationality."[79] Clark het ook daarop gewys dat Bodenstein dit beklemtoon het dat die betrokke komitee hard gepoog het om dubbele burgerskap binne die Gemenebes te verhoed.

'n Voorstel van Suid-Afrika dat elke lid van die Britse Gemenebes sy eie wetgewing met betrekking tot burgerskap moes maak, het egter nie geslaag nie, aangesien Engeland, Australië en Nieu-Seeland daarteen gekant was. Suid-Afrika het nogtans sy saak sterk gestel en dit duidelik gemaak dat daar nie met die gedeelde status getorring sou word nie, maar 'n moontlike misverstand ten opsigte van die status van Gemenebeslande uit die weggeruim kon word.[80] Hertzog het op 2 April 1938 in 'n onderhoud met ***Die Vaderland*** se verteenwoordiger gesê dat ander lede van die Gemenebes tydens die Rykskonferensie van 1937 die wesenlikheid om dubbele burgerskap te vermy, ingesien het. 'n Bevredigende reëling is egter getref sodat die Unie wetgewing daaroor kon indien.[81] Die Rykskonferensie het nogtans geen oplossing vir die Unie se burgerskapprobleem gebied nie.

Hoekom het Hertzog by die 1926-Rykskonferensie sukses behaal en nie tydens die 1937-konferensie nie? In 1926 het hy die ondersteuning van 'n hele aantal dominiumafgevaardigdes vir sy saak gehad. Die ongelyke status wat tussen Brittanje en die dominiums bestaan het, is taamlik algemeen as 'n onnodige hindernis ondervind wat uit die weggeruim moes word. Hierteenoor was verwarring oor die gebruik van die term Britse onderdaan alles behalwe 'n probleem van die Britse Gemenebes. Hertzog se versoek tot 'n verklaring oor Britse onderdaanskap is nie slegs as Suid-Afrika se huishoudelike probleem beskou nie, maar waarskynlik ook as 'n poging om Suid-Afrika se Britse konneksie in die gedrang te bring. Dit was dan ook nie vreemd dat die saak opnuut met die Mei 1938-verkiesing na vore getree het nie.

---

79 PRO, London, FO, 372/3202/T, file 10736, Dominion intelligence: W.H. Clark to DO, 16 Jun. 1937.

80 PRO, London, FO, 372/3202/T, file 10736, Dominion intelligence: W.H. Clark to DO, 16 Jun. 1937.

81 ***Die Vaderland***, 2 Apr. 1938: berig.

Malan het op 5 April 1938 in een van sy verkiesingstoesprake op Porterville gesê dat as die Gesuiwerde Nasionale Party aan bewind sou kom, alle spore van dubbele burgerskap verwyder sou word en die uitdrukking Britse onderdaan gevolglik afgeskaf sou word.[82]

Enkele weke later, op 29 April, het hy op Vryheid dieselfde tema aangeraak. 'n Soewerein onafhanklike volk kon syns insiens net een nasionaliteit, naamlik sy eie hê. Dubbele burgerskap was 'n skakel tussen Suid-Afrika en Engeland wat verbreek moes word ten einde 'n gesonde klimaat vir samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes te skep.[83]

Hierteenoor het L. Blackwell, VP-LV vir Kensington, op 10 Mei in Johannesburg verklaar dat "as long as I am a member of the United Party, I will not tolerate any tampering in any shape or form, with our rights as British subjects. If any attempt is made I will no longer remain a member of the party which interferes in die slightest degree with our status as British subjects".[84]

In die aanloop tot die 1938-verkiesing het Hertzog en Malan se verskillende opvattings oor Suid-Afrika se status duidelik na vore getree. Hertzog het op 20 April op Boshof verwys na die Gesuiwerdes se mening dat Status- en Seëlwette nie aan Suid-Afrika volkome onafhanklikheid gegee het nie. Dit het hy ten sterkste ontken en gesê: "... ons soewereine onafhanklikheid is so hoog en so volkome as wat 'n volk maar kan verlang."[85] Hierteenoor was Malan oortuig dat Suid-Afrika as gevolg van sy dubbele burgerskapposisie nie 'n volwaardige soewereine onafhanklike status beklee het nie.[86]

Sulke sterk gevoelens oor die behoud van Britse onderdaanskap in die geledere van die VP het daartoe bygedra dat die burgerskapkwessie nie in die dertigerjare opgelos

---

82 *Die Vaderland*, 5 Apr. 1938: berig.

83 *Die Vaderland*, 30 Apr. 1938: berig.

84 *The Star*, 11 May 1937: report.

85 *Die Vaderland*, 20 Apr. 1938: berig.

86 *Die Vaderland*, 20 Apr. 1938: berig.

kon word nie. Dit sou eers in 1950 gebeur toe Suid-Afrika se burgers hul Britse onderdaanskap as gevolg van wetgewing afgestaan het.[87]

## 5.3 SAMEVATTING

Hoewel die stryd om behoud van Suid-Afrikaners se Britse onderdaanskap vir Ryksgesindes aan die einde van die dertigerjare nog nie afgehandel was nie, kon hulle met tevredenheid daaraan terugdink. Die aanname van Artikel 6 van die Statuswet, sowel as die uitslag van die 1937-Rykskonferensie, was die twee uitstaande faktore wat daartoe bygedra het dat, sover dit die burgerskapkwessie betref, die Britse konneksie in die dertigerjare ten minste nie verslap het nie. Nog 'n simbool, een waarop Afrikaners sterk aanspraak gemaak het, was die afskaffing van die reg op appèl na die Britse Geheime Raad. Hieraan word in die volgende hoofstuk aandag geskenk.

---oOOo---

87 Unie van Suid-Afrika, ***Wet op Suid-Afrikaanse Burgerskap***, no. 44 van 1949, p.3.